

Vaalpark Gemeente Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 35 van 2020

30 Augustus 2020

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Ons is nie slawe van ongesonde begeertes nie...

Intimiteit is een van God se gawes aan ons elkeen. Intimiteit tussen huweliksgenote groei uit respek, vertroue, kommunikasie en 'n gesonde seksualiteit. Van laasgenoemde gepraat - die virus van pornografiese verslawing is 'n groot bedreiging vir enige vorm van gesonde intimiteit. Dit verlaag mense tot blote objekte van seksuele begeerte. Seksualiteit sonder grense, met as enigste doel onmiddellike behoeftebevrediging, is self-vernietigend. Dit verander mense in slagoffers van hulle eie vernietigende begeertes. God het ons vry gemaak, maar sy vryheid is nooit sonder gesonde grense nie. In gehoorsaamheid aan sy wil en binne die grense van sy Woord is ons regtig vry. Binne hierdie veilige bane gedy liefde vir God en respek vir mekaar as handewerk van God. Ons identiteit is genadiglik nooit eksklusief geleë in ons seksualiteit nie. Dit verduidelik Jesus padlangs in Matteus 19 as Hy sê het dat daar sommige is wat ter wille van die koninkryk van God kies om nie te trou nie. Ongetroudes wat vry is in die Here is ewe gelukkig en ewe volledig beelddraers van God as getroudes. Ons almal identiteit setel in Christus. In Hom vind ons 'n intieme verhouding met God, asook intimiteit in ons huwelik, en gesonde intimiteit in al ons vriendskappe.

deur Stephan Joubert



Gemeente - Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster-dit gaan nie goed nie
- *Bid vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Sy het MS
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Basie Roux vir volle genesing-het prostaat kanker
- *Bid vir Suzette Fourie vir volle genesing
- *Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
- *Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
- *Bid vir Oom Jacob Versveld (Louis se pa)-vir volle herstel
- *Bid vir oom Brummer (Erika se pa) hy is in die hospitaal
- *Bid vir Jaap Naude vir volle genesing
- *Bid vir Myrtle Mans se ma-vir volle herstel na operasie

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Forgiveness is a
GIFT you
give yourself!"

Gedagte vir die week

I Choose To Forgive

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005